Gauteng Onderwysdepartement
Laerskool Elspark
Administratief: admin@elsies.co.za
Webwerf: laerskoolelspark.co.za
Posbus 12009 1418
Tel: (011) 893-2024/5

2025-03-04

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN MAART 2025

## TOETSREEKS GR 4 TOT 7 – ME BRITZ

| DATUM | VAK | GR |
|---|---|---|
| Woensdag, 5 Maart | Afrikaans | 4 - 7 |
| Vrydag, 7 Maart | Wiskunde | 4 - 7 |
| Maandag, 10 Maart | SW (Geografie) | 4 - 7 |
| Woensdag, 12 Maart | Engels | 4 - 7 |
| Vrydag, 14 Maart | NW en Teg<br>NW | 4 - 6<br>7 |
| Maandag, 17 Maart | SW (Geskiedenis) | 4 - 7 |

**NB! Geen formele toetse in Lewensvaardigheid (Gr 4 – 6), Lewensoriëntering (Gr 7), Tegnologie (Gr 7) Kuns en Kultuur (Gr. 4 – 7) nie.**

## SKOOLGELDE VIR 2025 – MNR PRETORIUS

Kennisgewing:
Neem kennis dat die state reeds uitgestuur is en dringende betaling van agterstallige rekeninge word versoek.

Dankie aan al ons ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal en op datum hou.

Vereffen u Gr. 2 – 7 leerling se volle jaarlikse skoolgelde voor einde Maart 2025 en ontvang 1 maand korting.

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

**NB!** Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansieskantoor.

## ATLETIEK - ME NOVELLIE

Veels geluk aan al ons atlete met hul mooi prestasies tydens die BLAV en D6 kampioenskappe.

Die volgende atlete gaan deur na die Gauteng kampioenskappe:

- Tsekgo Mathebula
- Christian Mkosana

Sterkte Elsies, ons staan bankvas agter julle!!

## MINI-NETBAL – ME T. GROBLER

Oefentye is as volg:
Maandae tot Donderdae
0/7 en 0/8 13:30 tot 14:15
0/9 13:40 tot 14:30.
Dogters moet asb. gemaklike klere, water en tekkies bring. Alle 0/7, 0/8 en 0/9 dogters is welkom om te kom oefen.

## NETBAL– ME DU TOIT

Elsies het 'n onvergeetlike toer gehad dankie aan elke ouer, onderwyser en borg wat dit moontlik gemaak het. Ons sien uit na 'n wonderlike netbalseisoen.

*Belangrike datums*:

| | |
|---|---|
| 5 Maart | : D16 Proewe O/12 |
| 6 Maart | : D16 Proewe O/13 |
| 8 Maart | : O/9-O/13 A en B Superreeks Krugersdorp Noord |
| 11 Maart | : Ekurhuleni Proewe O/12 |
| 13 Maart | : Ekurhuleni Proewe O/13 |
| 17 Maart | : Vriendskaplik O/9 – O/13 A en B vs Pres.Steyn Weg |
| 19 Maart | : Vriendskaplik O/9-O/13 A,B en C spanne vs Delville Tuis |
| 21 Maart | : Superreeks Finaal Slegs O/9-O/13 A spanne Dr.DF Malan |

## NETBAL C-SPANNE – ME BOTHA

Netbal kliniek

| | |
|---|---|
| Datum: | 26 Maart 2025 |
| Tyd: | 9:00- 12:00 |
| Plek : | Laerskool Elspark |
| Koste: | R550 ( Sluit die volgende in: afrigting, **nuwe netbaldrag** , asook 'n kospakkie en pret na afloop van die afrigting) |

## RUGBY – MNR BOTHA

Ons O/9 en O/10 spanne toer 28 en 29 Maart 2025 na Laerskool Delmas. Die kostes beloop R600 per seun. Betaal asb. so spoedig as moontlik.

Ons O/11 en 1ste spanne toer 27 tot 29 Maart 2025 na Marble Hall. Die kostes beloop R1 900 per seun. Betaal asb so spoedig as moontlik.

***Belangrike datums vir kwartaal 1:***

| | |
|---|---|
| 8 Maart | Rugby Superreeks by Laerskool Krugersdorp Noord |
| 11 Maart | Rugby Vriendskaplik vs Laerskool Jan van Riebeeck (Weg) |
| 21 Maart | Rugby Superreeks Uitspele by Hoërskool Dr Malan **(VAKANSIEDAG)** |
| 27 – 29 Maart | Rugbytoer O/11 en 1ste span na Marble Hall |
| 28 – 29 Maart | Rugbytoer O/9 en O/10 na Laerskool Delmas |

Valkie Rugby – Ons Valkie rugby is vuur en vlam reg om te begin oefen vir die jaar se Valkie rugby seisoen. Ons begin reeds Woensdag, 5 Maart met oefeninge.

O/7 Seuns oefen Woensdae en Donderdae 13:00 tot 14:00

Alle O/7 seuns mag kom deelneem.

O/8 Seuns oefen Woensdae en Donderdae 13:30 tot 14:30

Alle O/8 seuns wat nie reeds deel is van die O/8A rugbyspan nie, mag kom TAG rugby speel.

Die O/8A Rugbyspan oefen steeds hul normale tye wat deur hul afrigter gekommunikeer word.

## JUNIORKOOR – ME NELL

Juniorkoor oudisies het reeds plaasgevind en die suksesvolle kandidate het 'n briefie ontvang.

Oefening begin eers die tweede kwartaal op Donderdae middae om 13:30-14:15 in die saal.

## SENIORKOOR – ME BADENHORST

Seniorkoor oudisies het reeds plaasgevind en die suksesvolle kandidate het 'n briefie ontvang.

Oefening begin eers die tweede kwartaal op Donderdae middae om 14:00-15:00.

## BOOGSKIET – ME JACOBS

| | | |
|---|---|---|
| 8 Maart | : | Hoërskool Elspark<br>Kolle kompetisie<br>Sluitingsdatum: reeds verby<br>Koste: R75 |

| | | |
|---|---|---|
| 15 Maart | : | Klub Inyathi<br>Randfontein<br>Kolle Kompetisie<br>Sluitingsdatum: 7 Maart<br>Koste: R75 |

## OUMA- EN OUPADAG – ME H. GROBLER



Ouma en Oupadag word a.g.v. botsings uitgestel na kwartaal 2. Meer gedetailleerde inligting sal later volg.

Indien daar enige persoon/instansie is wat ons kan help met borge/donasies sal dit hoog op prys gestel word. Dit sluit in geskenkies, eetgoed ens.

Vir verdere inligting in verband met die reëlings kan u Me Grobler kontak by helene@elsies.co.za

## VOORTREKKERS – ME LAUBSHER

Die Voortrekkers sien daarna uit om 'n wonderlike dag by Snake City te geniet. Almal is welkom. Bring jou vriende en familie saam.

| | |
|---|---|
| Wanneer: | 7de Maart |
| Waar: | Snake City Alberton |
| Koste: | R50 om net die vertoning te geniet of R60 sluit 'n koeldrank, skyfies en n lekkergoedpakkie in |

Gebruik hierdie skakel om in te skryf. Slegs een persoon per inskrywing asseblief.
https://web.facebook.com/profile.php?id=100094273775582
Kontak Tanja op 083 412 0489 vir meer inligting.

Elsiegroete

R. Pretorius
Skoolhoof